

## SOOM VAN JESUS SE KLERE

In Matteus 14:36 lees ons dat die mense van Gennesaret vir Jesus gevra het “dat die siekes tog maar net aan die soom van sy klere mag raak. En almal wat dit gedoen het, het gesond geword.” Nou wonder ek wat moet ons doen om, by wyse van spreke, vandag nog aan die soom van Jesus se klere te raak as ons siek is? Omdat hierdie gebeurtenis in Matteus verhaal word, het ek in hierdie evangelie gaan soek na ‘n paar uitsprake van Jesus wat moontlik ‘n oplossing kan bied.

Jesus sê dat ons nie skatte op die aarde bymekaar moet maak nie, maar skatte in die hemel moet vergader. Wat sou hierdie skatte wees? Dalk geloof, hoop en liefde? Gereeld Bybel lees en bid? Bid dat Jesus weer moet kom? As ons skatte op die regte plek is, sal ons seker aan die soom van sy klere kan raak?

Een van Jesus se opdragte is dat ons ons nie moet bekommer nie. Bekommernis sal nie een dag tot ons lewe toevoeg nie. Dit geld veral ook in tyd van siekte. Ek dink as ons ons nie bekommer oor siekte nie, raak ons aan Jesus se klere. Daarom dat Jesus ook sê ons moet eers die koninkryk van God soek en ons sal alles ontvang. As ons die koninkryk soek, behoort ons aan Jesus se soom te kan raak.

Die opdrag om te bid gaan gepaard met Jesus se versekering dat Hy sal gee en oopmaak. Dat ons sal kry. Ons moet net klop en glo dat ons aan Jesus se klere raak.

“Blindes sien, lammes loop, melaatses word gereinig, dowes hoor, dooies word opgewek, en aan armes word die evangelie verkondig. En gelukkig is elkeen wat nie aan my begin twyfel nie.” Hierdie belangrike opdrag van Jesus bring ons, so glo ek, by die soom van sy klere. So ook sy pragtige uitnodiging dat ons na Hom toe moet kom vir rus, want sy juk is sag en sy las lig. Sag soos ook die soom van sy klere.

Om naby Jesus te kom en aan sy soom te raak, moet ons aan sy kant wees soos Hy vereis. Ook dat Hy ons aansê om bereid te wees om agter Hom aan te gaan, onself te verloën, ons kruis op te neem en Hom te volg. Dan Jesus se belofte dat ons moet glo en nie twyfel nie, dan sal ons naby Hom kom.

Jesus verwag van ons dat ons, soos Hy, mekaar moet dien en mekaar se diensknegte moet wees. ‘n Dienskneg buk dikwels om te dien en dan is hy/sy juis naby aan Jesus se soom!

Om naby Jesus te kom, moet ons die Bybel ken en God en ons naaste liefhê met alles wat ons is en het. Dit is die groot en enigste gebod.

Die naaste wat ons seker aan Jesus kan kom word in Matteus 25:34-40 omskryf as Hy sê dat Hy honger, dors, ‘n vreemdeling, sonder klere, siek en in die tronk was en ons Hom versorg en besoek het. So sal ons by Hom wees en sal ons maklik aan sy soom kan raak. Mag dit vir ons moontlik wees om aan die soom van Jesus se klere te raak en genesing te ontvang.

En as dit nie gebeur dat ons aan Jesus se soom kan raak nie? Dan onthou ons wat Paulus in 1 Korintiërs 13:12 sê:

“Nou kyk ons nog in ‘n dowwe spieël en sien ‘n raaiselagtige beeld, maar eendag sal ons alles sien soos dit werklik is. Nou ken ek net gedeeltelik, maar eendag sal ek ten volle ken soos God my ten volle ken.”

Jan Lubbe

